

**Skriflesing:** Jesaja 1: 1 – 9Teks: **Jesaja 1:3****Sing- VOORAF SANG: Ps. 118:2****TYDENS EREDIENS: Ps. 36:2,3; Ps. 67:1; Ps. 128:4; Ps. 147:2; Ps. 66:1****Jesaja 1: 1 – 9**

**Isa 1:1** Die openbaring wat Jesaja seun van Amos ontvang het aangaande Juda en Jerusalem. Dit was in die regeringstyd van Ussia, Jotam, Agas en Hiskia, konings van Juda.

**Isa 1:2** Luister, hemele, gee aandag, aarde, want die Here het gesê: Ek het kinders grootgemaak en opgevoed, maar hulle het teen My in opstand gekom.

**Isa 1:3** 'n Bees ken sy eienaar en 'n donkie die krip van sy baas, maar Israel ken My nie, my volk het geen begrip van wat Ek doen nie.

**Isa 1:4** Ellende wag vir julle, sondige nasie, volk met skuld belaa, geslag wat verkeerd handel, julle wat net afbreek, wat My, die Here, verlaat het, My, die Heilige van Israel, verag en vir My die rug gedraai het.

**Isa 1:5** Daar is nie meer plek waar nog aan julle geslaan kan word nie, en tog hou julle aan om van My af weg te draai. Die hele kop is vol seerplekke en die hele gestel is verswak.

**Isa 1:6** Van kop tot tone is daar nie een plek heel nie: dit is die ene kneusplekke, hale en rou wonde! Hulle is nie skoongemaak of verbind of met salf behandel nie.

**Isa 1:7** Julle land is verwoes, julle stede is verbrand, voor julle oë verteer vreemdes julle landerye. Hulle het dit 'n verlate wêreld gemaak.

**Isa 1:8** Soos 'n skerm in 'n wingerd het Sion alleen oorgebly, soos die hut van 'n wagter in 'n komkommertuin. Sion is 'n beleërde stad.

**Isa 1:9** As die Here die Almagtige nie 'n klompie van ons laat oorbly het nie, sou ons soos Sodom geword het, ons sou net soos Gomorra gewees het.

**Skriflesing:** Jesaja 1: 1 – 9Teks: **Jesaja 1:3****Sing- VOORAF SANG: Ps. 118:2****TYDENS EREDIENS: Ps. 36:2,3; Ps. 67:1; Ps. 128:4; Ps. 147:2; Ps. 66:1**

Geliefdes in ons Here Christus, toe ek die afgelope week met die huisbesoek by br James en sr Janika aan huis was, ook 'n doopbesoek met die oog op vandag se gebeure, het ek ook saam met br James deur sy duiwehokke kon gaan, ja die posduiwe wat hulle groot liefde is, het my aangegryp. Daarna besef ek die waarheid wat so gereeld hulle daar in die duiwehokke afspeel en vandag se waarheid in Jesaja 1 kom naby mekaar. 'n Posduif bewys ook ons tekswoorde. 'n Duif, selfs honderde kilometers van sy hok vrygelaat, weggevoer in 'n mandjie, oor paaie wat die duif nie ken of eers kon sien nie en tog is die duif met die oomblik van vrylating daarop ingestel om so gou moontlik by die hok uit te kom, daar waar sy eienaar die duif in wag om sy besondere duif in te klok. Dis die basiese beginsel waarop dit, so klink dit my, die duiwesport op werk, maar ons kan dit hoegenaamd nie by die duiwe laat nie.

In vandag se Woord, God se Woord wat ons uit Jesaja 1 saam gelees het, word daar ook oor 'n bees en 'n donkie 'n besondere woord gespreek en dit deur 'n regsgeleerde met die naam Jesaja. *3 'n Bees ken sy eienaar en 'n donkie die krip van sy baas, maar Israel ken My nie, my volk het geen begrip van wat Ek doen nie.* Jesaja, net sy naam, dra iets van die klankwaarde wat ons

natuurlik ook in die woorde Josua, Hosea en natuurlik Jesus kan hoor. Jesaja beteken die Here is die Verlosser, of dalk nog meer letterlik vertaal, die Here is ons verlossing. Oor wie Jesaja presies was, lees ons nie baie nie. Tog staan dit heel duidelik ... Jesaja se profesie begin eenvoudig met wat sy geskiedenis was, want om iemand te ken is tog om ook iets van sy geskiedenis te ken. Werklike omgee vir mense gaan altyd oor geskiedenis en gaan in baie opsigte oor wie jou mense is.

\*\*\*

Alles begin in Jesaja met 'n kort geslagsregister soos wat ons weet om 'n gedoopte kindjie van 'n geslagsregister te wil skei is om die verbond te misken. Dit mag nie, dit kan nie. Daarom dat ons op ander plekke in God se Woord hoofstukke en hoofstukke geslagsregisters ook mee moet rekening hou. Wie daarmee nie wil reken nie het op 'n wyse begin om God se verbond in ons gewone lewens mis te lees. Dit wil Jesaja nie doen nie, dit mag geen kind van die Here wil doen nie.

Jesaja is wel baie ekonomies in die voorstel van homself- al wat hy skryf - *1 Die openbaring wat Jesaja seun van Amos ontvang het aangaande Juda en Jerusalem. Dit was in die regeringstyd van Ussia, Jotam, Agas en Hiskia, konings van Juda.* Jesaja noem vier agtereenvolgende konings ... terwyl hy homself identifiseer as die seun van Amos. Hierdie Amos staan in lyn met die koninklikes wat Jesaja hier in 'n ry noem. As ons dan kan waag die familie hier bietjie nader uit te lê dan kom dit voor hierdie koning Ussia waarvan Jesaja hier skrywe se pa was wel Amasia en dat Jesaja se pa genaamd Amos dan wel ook weer 'n broer van Amasia was. Ussia is dan Jesaja se oom. Amasia en Amos se oupa was dan die vroeëre koning Joas se seuns. So was Jesaja en hulle wat as konings gedien het direkte familie deur neefs en kleinneefs van mekaar te wees. Jesaja is direk familie van die konings soos hy hulle hier in 'n ry kon opnoem.

Tog is die bloedbande nie vir Jesaja waaroor dit werklik in die lewe gaan nie. Die bloedbande is wel belangrik maar die geloofsbande is dit wat alle bande moet voorafgaan. Geloofsbande, ja juis geloofsbande en nie bloedbande nie, maak dat ons kindertjies gedoopt kan word. Juis is die geloof dit wat vandag se doop kon laat plaasvind want in die geloof doop ons kindertjies. Dit alleen met die oortuiging dat die beloftes deur God aan James en Janika toegesê mag ook hierdie

kindjie toebehoort. Anika mag ingelyf word in die verbond waarby haar ouers reeds ingelyf is. Dit maak die doop so 'n uiters ernstige maar ook besonder heuglike gebeurtenis.

God is baie ernstig as hy met ons oor ons doop handel. Die doopsformulier het dit bevestig en van die grootste gebeurtenisse in die wêreld, die sondvloed, toe net 8 mense gered was, Noag en sy huisgesin, speak van ons doop. Dit het ons so pas ook voor die Here gebid. Toe die Here Farao en al sy manne in die Rooi See verdrink het, nog weer 'n verdrinking, soos met die sondvloed, ja eweneens dit spreek oor ons doop. Die feit is en ek beweer dit oor 'n groot deel van die kerklike wêreld vandag, 'n baie groot deel van die wêreld is besig om in hulle doopwater te verdrink. Wie nie meer aan sy/haar doop kan vasgryp as my anker, my hoop, my lewe in hierdie corona-tyd nie, sal in die drifsels van 'n pandemie wat oor die wêreld spoel al verder wegdryf, onredbaar, onhoorbaar vêr .... waar geen mens jou kan terugbring nie, maar net die Here dit kan doen.

\*\*\*

Jesaja wat van die konings familie was, maar hy spaar ook nie die koning as daar ernstig vanuit God se Woord gepraat moet word nie. Hy spaar geen deel van sy volk nie. Daar moet reguit gepraat en mooi geluister word na wat Jesaja sommer hier heel aan die begin van sy profesie sy volk laat hoor. Julle is 'n volk wat moet aandag gee, want besef ons, so beklemtoon Jesaja dit, dit is nie ek, Amos se kind, Ussia se kleinkind, wat met julle praat nie ... my koninklike familie help my niks as dit gaan om redding nie. My naam Jesaja sê dit al vir julle- *Die Here is ons verlossing!* Dit moet ons ook vandag rondom die doopbak besef ... die Here is ons redding. Jou doop mag niks anders wees as om daaraan vas te hou nie. As die Here praat soos Jesaja ons dit laat hoor, dan moet die hemele luister, die aarde moet aandag gee, vers 2, die hemel en die aarde is die getuies in hierdie hofsaak en die res van vers 2 gaan oor opvoeding, dit wat by die doop beloof word ... *Ek het kinders grootgemaak en opgevoed, maar hulle het teen My in opstand gekom.* So eindig vers 2.

\*\*\*

En dan volg ons tekswoord in vers 3- *3 'n Bees ken sy eienaar en 'n donkie die krip van sy baas, maar Israel ken My nie, my volk het geen begrip van wat Ek doen nie.* Geliefdes hierdie enkele vers dra vir ons vandag hierdie drie kernaspekte wat ons by die doop nie mag vergeet nie. Hier

is van kennis duidelik sprake, hier is van 'n eenaar of 'n baas duidelik sprake, hier is van 'n voerbak of 'n krip ook duidelik 'n verwysing. Dis ons hoofgedagtes- Eerste dan:

**Die belangrikheid van om God te ken:**

Broeder en suster, ons praat van geen ingewikkelde kennis nie. Ons is tog slimmer as 'n bees of 'n donkie en tog getuig Jesaja in sy hofsak dat die bees of donkie ons hierin kan voorgaan. Die grootgemaakte, opgevoede kind, waar is jou ore, waar is jou kennis?! (vgl. weer vers 2 – God sê *Ek het kinders grootgemaak en opgevoed ...*). Wanneer hemel en aarde, ja vanuit dit wat God eerste geskape het God se stem hoor, dan is dit asof hulle luister, hulle wil aandag gee. Terwyl mense so moeilik luister. Hoeveel is vanoggend hier wat klaar nie meer luister nie ...

Iemand skrywe dat Jesaja begin met 'n inleiding wat soos donderweer klink. Dit rommel deur die lug. Ja een kant het God die kosmiese getuies byeengeroep, die aarde, die hemel, *luister hemele, gee aandag, aarde ...* en dan die geweldige wat hierdie getuienis op uitloop. Dis geweldige kontraste, die kosmos aan die eenkant, 'n bees en donkie aan die ander kant, tog word alles en almal tot getuienis geroep. 'n Bees en donkie is gevul met kennis wat Israel nie het nie. Dis asof Jesaja die natuurwette en die natuur se getuienis byeentrek. Niks is eintlik meer gewoon en fundamenteel as die kennis uit die natuur gehaal nie. As jy 'n klip los, val dit, as 'n damwater se wal breek, dan loop die water. Dit gaan om die doodgewone wette wat jou voete op die grond hou. God as die Regter oor hemel en aarde is die Een wat die see sy beperkinge gegee het, dit wat geen mens kan inperk nie.

Deur die wette wat God daargestel het, sal die natuur aandag gee. God se hofsak is die ganse skepping, daar waar Hy lewe gee en lewe laat gebeur. Daar spreek ook lewe en dood. Die wette wat tot die lewe lei is daar; die wette wat tot die dood lei, is ook daar. Niemand is daar wat hierdie wette heeltemal verstaan en heeltemal kan betuel nie. As die mens op die stadium die wetmatighede tot die uitbreek van 'n virus kon bekamp, sou hulle dit sekerlik alreeds gedoen het. Tog is die mens in al sy slimmighede en tegnologies gevorderdheid nie daartoe in staat nie. Die mens met so baie kennis maar die kennis wat regtig saakmaak, in baie opsigte die mees elementêre kennis het ons nie. Doodeenvoudig moet ons God ken, ons moet Hom wil ken. Jesaja sê vir sy mense dit wat God hom laat sê – *'n Bees ken sy eenaar en 'n donkie die krip van sy baas*. Vir julle wat vandag julle kindjie gedoop het, dit gaan werklik om 'n ken van God.

Ken God soos daardie goeie duiwe in julle hok wat weer waar sy hok is, wat direk daarheen kan vlieg, nie langs die pad uitsak, doelloos gaan sit, eintlik net reg vir 'n kat wat dit kan vang. Die kat wat dan die duif se baas geword het. 'n Bees en 'n donkie ken die krip van sy baas. Mag julle daardie ken, daardie kennis wat ons hier van praat in hierdie klein kindjie se lewe 'n werklikheid laat word. Mag julle instrumenteel wees in daardie kennis wat in ons lewe regtig saakmaak, wat hemel en aardse laat stilbly as dit gaan om God wat praat. Die kennis wat spreek en wat heenwys na die ewige lewe of die kennis wat lei tot die ewige dood. Julle het reeds beloftes voor die Here gemaak wat die lewe wil omhels, maar dit gaan nie bloot om die oordra van kennis nie, na wat regtig saakmaak gaan dit om Hom Wie ons Eienaar is. Ons tekswoorde wys so gewoon, so direk hierna- 'n Bees ken sy Eienaar en 'n donkie die krip van sy baas. Hierdie werklike Eienaar, hierdie "baas" waaroor dit werklik gaan, moet by hierdie doop uitgespel kan word. Ons tweede gedagte dan:

**God is my Eienaar, ook die Eienaar van hierdie gedoopte kindjie vandag:**

In vers 2 stel Jesaja dit alreeds. Die Here het julle grootgemaak en opgevoed. 'n Dier kan afgerig en ingebreek word maar 'n mens is tog anders. By 'n mens moet daar opvoeding wees, dit wat die mens anders as die dier maak. Beskawing en opvoeding moet soos twee arms aan my liggaam kan saamwerk. As God Homself as sy volk se opvoeder openbaar dan gaan dit daaroor dat Hy die finale seggenskap oor ons het. Hy is ons Eienaar. Watter troos is dit nie. Presies wat Sondag 1 van die Heidelbergse Kategismus as ons enigste troos bely ... Ons kan elke dag daaraan vashou ... **Dat ek met liggaam en siel in lewe en in sterwe nie aan myself nie, maar aan my getroue Verlosser, Jesus Christus behoort. Hy het met sy kosbare bloed vir al my sondes ten volle betaal en my uit alle heerskappy van die duiwel verlos. Hy bewaar my op so 'n wyse dat sonder die wil van my hemelse Vader, geen haar van my kop kan val nie. Alles moet inderdaad tot my saligheid dien. Daarom verseker Hy my ook deur sy Heilige Gees van die ewige lewe en maak Hy my van harte gewillig en bereid om voortaan vir Hom te lewe.**

Mooier, troosvoller kan ek dit nie sê nie. Tog het Israel hierdie basiese belofte, dit wat ook as basiese belofte vandag by hierdie doop moet geld nie meer erken nie, nie meer wou uitleef nie. Dis ook 'n basiese reël wat ons in hierdie pandemie-tyd aan moet vashou. Die feit dat ons as

Kerk aan die Here behoort. Dit is wat die woord kerk in wese beteken. Dit kom van die Griekse woord *kuriakos* en dit beteken “*wat aan die Here behoort*”.

As Jesaja met sy volk praat, dan doen hy as regsgeleerde nog ’n volgende interessant ding. Regsmense ken regstaal wat fyn lyne kan trek en dinge fyn kan onderskei. Hy praat spesifiek met die stam Juda (vgl vers 1), dis hulle konings wat genoem word, afstammeling van Dawid. Tog verwys hy skielik na hulle in ons teksverse as Israel. Wat bedoel Jesaja hiermee? Die stam waaruit Dawid en die Dawidiese verbond en die troon as verbondsteken sou herrys, moet tog Juda genoem word soos Jesaja in die begin dan ook doen. Tog as ons nou weer ons tekswoorde lees dan staan daar: *3 'n Bees ken sy eienaar en 'n donkie die krip van sy baas, maar Israel ken My nie, my volk het geen begrip van wat Ek doen nie.* Jesaja verwys nou na Israel wat vir Juda moes ruk. Wat Jesaja eintlik vir hulle sê – Julle het gedaal tot op die vlak van die tien stamme. Julle wat anders moes wees. Julle het nou soos die res geword.

Wanneer God se Woord na die skeuring van die ryk na Juda as Israel verwys dan word daar nie iets goed daarmee bedoel nie. Die Noordryk was in die oë van die Suidryk ’n afvallige gemeenskap en het hulle gedoen wat verkeerd was in die oë van die Here. As Jesaja nou na Juda as Israel verwys is dit eintlik ’n skeldnaam. Daarmee bedoel Jesaja julle godsdiens het nou op die vlak van Israel gekom. Julle ken nie meer julle werklike Eienaar, die Een wat julle besit, wat julle anders gemaak het as die res van Israel nie. Julle wat veronderstel is om Juda te wees, die stam wat saakmaak, die stam wat die Messias sou voortbring, kyk hoe gaan dit hier. Julle ken nie meer die God wat julle Eienaar is nie.

So dikwels as die profete van Juda as Israel begin praat, dan kom dit daarop neer julle het jul laat meevoer. Julle het afvallig geraak, julle maak of ons ou tradisies ons nog staande gaan hou. Om met alles aan die verlede vas te klou, kan ook baie gevaarlik raak. Veral as ek nie die verlede reg laat meesprek nie! Julle wat hunker na die tyd van die ou Israel toe die aartsvaders nog geleef het. Maar nou het daar groot veranderinge gekom. Julle maak asof julle maar net nog Israel van ouds is, maar wys Jesaja hulle daarop, eintlik maak julle soos die Israel van ons tyd. Die Israel van Jesaja se tyd het tradisies tot godsdiens verhef, het al hoe meer afgodery en bygelowe ingevoer. Julle hou nie aan die ware God van julle vaders vas nie, maar julle hou julle aan die

sonde van die vaders. Daar is 'n groot verskil. Daarom julle wat veronderstel Juda te wees, julle het soos die Israel van julle tyd geword. Vir ons as Kerk vandag, is hier 'n baie belangrike saak wat na gekyk moet word. Die ou Suid-Afrika was beslis nie net goed nie, maar was ook beslis nie net sleg nie. Tog word ons kinders in skole geleer en baie mense voed hulle kinders op asof die ou Suid-Afrika net sleg was en die nuwe Suid-Afrika kamtig so goed. En dan word Nelson Mandela heeltyd so messiaans voorgehou, dit skok my elke hierdie tyd van die jaar net meer en meer!

Tog het die nuwe Suid-Afrika alreeds soveel sleg na vore gebring en opvoeders moet nie waag dit sê nie, want dan word hulle sleggemaak. Of ons word as rassiste uitgemaak. Pleks dat ons waarlik kom by wat in die politiek, in die kerk, in ons kultuur, ja wat oral moet vergestalt. Neem uit die verlede wat goed en reg was, erken dit was waar ons God reg gedien het, daar was God ons Leidsman gewees. In hierdie en hierdie opsig was ons 'n christenvolk gewees, maar ons is dit nie meer nie. Erken ook uit die verlede dit wat regtig sleg was, dit wat boos was, dit wat geen mens voor God kan regverdig nie en moet nie weer so word soos wat dit in die verlede regtig baie sleg was nie.

Maar dadelik hiermee saam, tans ons land, ook ons dorp het verlaag en verslik en verspoel tot 'n oorloopte politieke gemors, ons begin al meer die mentaliteit te toon, ons kinders word dit aangeleer, ek moet my eerder laat aftrek tot die vlak van die mense wat swakker as 'n bees en 'n donkie na vore tree. Die werklik ken van my doop, die God wat gesê het, Hy is my Eienaar, Hy word in so baie opsigte nie meer erken nie. Ek wat veronderstel was om nou soos 'n Juda na vore te tree, ek tree op soos 'n Israel wat aan die Christus geen waarde heg nie. So baie wat ons hier kon noem wat my soos 'n posduif laat vlieg wat lankal nie meer weet waar my eintlike hok is nie. Daarom ons laaste gedagte ook vandag-

**Ken ek nog my krip, my voerbak wat vandag 'n doopbak was?**

'n Donkie ken die krip van sy baas, is wat ons teksverse sê. 'n Posduif wat reg vlieg ken sy roete maar nog beter, ken sy hok. Daar waar hy gevoed en beskerm word, daar waar hy/sy wil wees. Mag ek dit dalk so voorstel, die posduif se hok is wat die ware kerk vir ons moet wees. Ons sluit vandag af met wat Jesaja ons in voorgaan, ook in die breër kontekste van sy profesie. Ons het in die begin gewys, Jesaja was in baie opsigte een wat soos 'n paleiskind kon gelewe het. Hy het

gereeld in die paleis kon kom, het saam met die koninklikes se kinders kon speel, sy neefs, sy niggies en het hy, toe hy groter word die regswêreld betree. Tog het hy nie die reg van die wêreld in hoofstuk 1 wou dien nie, maar die hele hoofstuk wat soos 'n hofspraak afspeel, gaan oor die reg van God.

Hy wou nie uit die goue borde van die paleis eet nie, maar uit die krip van God se Woord. Die doopbak met water gevul is gevul met wat God alleen kan doen. Hy alleen wat sondes kan afwas, wat reiniging kan bring, wat kan sê – en dit sê God in sy hofspraak: Jesaja 1 vers 18-20: *18 Kom tog, laat ons die saak met mekaar uitmaak, sê die Here: Al was julle skarlakenrooi van sonde, julle sal wit word soos sneeu. Al was julle purperrooi, julle sal wit word soos wol. 19 As julle gehoorsaam wil wees, sal julle die goeie van die land eet, 20 maar as julle weier en opstandig bly, sal die swaard julle eet, want dit is die Here wat dit gesê het.* Om by hierdie besondere boodskap van vers 18-20 te kon uitkom, die sprong van die krip in vers 3 tot die reiniging van vers 18, loop inderdaad die pad ook oor 'n krip. Dieselfde regsgeleerde Jesaja het so raak van Hom geprofeteer: Jesaja 7 vers 14: Hier moet ek die ouer vertaling lees in aansluiting by die Septuaginta: *14 Daarom sal die HERE self aan julle 'n teken gee: Kyk, die maagd sal swanger word en 'n seun baar en hom Immánuel noem.*

God se Eerstelingseun, sy enigste wat God in hierdie wêreld laat kom het, vir ons gebore na sy geboorte lees ons sy aardse ma, die maagd, draai Hom in doeke toe en lê Hom neer in 'n krip. Die pad na reiniging, die pad na vandag se doop, via die krip, nog duideliker, via die kruis was 'n pad tot die diepste vernedering dat ons van dag tot die hoogste kennis mag kom, wat daar kan wees, nl. om God te ken. Die vraag is, ken u Hom, ken u Hom waarlik, ook julle wat vandag gedoopt het, kyk na julle duiwehokke dalk nou ook met 'n ander oog.

AMEN